# GEGRADUEERDE BEROEPSLUI IN SA SE VERTROUE DAAL STEEDS - OPNAME

*15 Augustus 2012:* Gegradueerde beroepslui se vertroue in ‘n aantal sleutelkwessies, spesifiek die stand van die ekonomie en finansiële markte, het in die tweede kwartaal van 2012 afgeneem, volgens die jongste resultate van PPS se Vertrouensindeks van Gegradueerde Beroepslui.

Die kwartaallikse opname, wat die vertrouensvlakke van meer as 5 000 Suid-Afrikaanse gegradueerde beroepslui peil, dui op ‘n afname van 7 persentasiepunte – 56% teenoor 63% drie maande vroeër – wat betref die vooruitsigte vir die plaaslike aandelemark oor die volgende 12 maande.

David Crosoer, PPS Investments se Uitvoerende Beampte: Navorsing en Beleggings, sê dat binne Suid-Afrikaanse ekwiteite is, maatskappye met redelik voorspelbare verdienste op ‘n waardasiebasis al hoe meer onder druk, terwyl sikliese sektore (veral hulpbronne) selfs nog goedkoper kan word gegewe die onsekere ekonomiese omgewing. “Dit is nie verbasend dat beleggers senuagtig is nie. Met globale ekonomiese data wat oor die afgelope kwartaal agteruitgegaan het, en met nadelige risiko’s wat by die drie hoof-aandrywers van ekonomiese groei (China, die VSA en Europa) toegeneem het, is dit uiters moeilik om te kan voorspel wanneer ekonomiese data gaan verbeter.”

Die opname weerspieël hierdie sentimente, en dui ook op ‘n afname van drie persentasiepunte – nou 50% teenoor 53% drie maande vroeër – in vertrouensvlakke wat betref die vraag of Suid-Afrika alreeds die ergste van die globale ekonomiese onbestendigheid ervaar het. Vertroue in die ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika oor die volgende 12 maande was effens meer positief – ‘n vertrouensvlak van 60% teenoor 62% drie maande gelede.

“Beleggers moet realistiese verwagtinge koester vir toekomstige opbrengste, aangesien dit onwaarskynlik is dat die aandelemark die opbrengste van 15% per jaar van die verlede gaan oplewer. Hulle moet ook seker maak dat hulle by fondsbestuurders belê wat ‘n intieme kennis en begrip het van die maatskappy waarin hulle belê – met volle vertroue dat daardie maatskappye nog lank gaan bestaan,” voeg Crosoer by.

Volgens Gerhard Joubert, Hoof: Groepbemarking en Belanghebberbetrekkinge by PPS, is nog ‘n area van kommer wat die resultate van die opname uitgelig het, die feit dat die persentasie gegradueerde beroepslui wat positief is dat hulle in Suid-Afrika gaan bly, steeds op 78% gemeet is. “Dit bly ‘n relatief positiewe telling maar wat kommerwekkend is, is die feit dat dit laer is as die vertrouensvlakke in 2011, waarvan almal deur die hele jaar bokant 80% gebly het.

“Gegradueerde beroepslui soos dokters, prokureurs en rekenmeesters vorm ‘n onmisbare deel van ‘n gesonde ekonomie en, soos die geval in baie ander lande is, staar ons reeds ‘n groot tekort aan vaardighede binne hierdie beroepe in die gesig.”

Vertroue dat die onderwysstandaard in Suid-Afrika oor die volgende vyf jaar gaan verbeter, is op 44%, die laagste vlak sedert die begin van die indeks en vier persentasiepunte laer as die vorige drie maande.

Dit weerspieël onlangse verslae uit voorlopige bevindings van ‘n ontleding deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding wat wys dat die deursnee 2005 groep ‘n uitvalkoers van 24,9% in die eerste studiejaar ervaar het. “Dit is uiters kommerwekkend en vererger net eenvoudig die opregte kommer wat alreeds onder beroepslui heers dat die gehalte onderwys in Suid-Afrika onvoldoende is. ‘n Onlangse TNS SA-opname wys ook dat slegs 54% van Suid-Afrikaners tevrede is met die onderwysstelsel in hul plaaslike areas.”

Ander bevindinge van die indeks dui daarop dat 95% van respondente bekommerd is oor die gebrek aan Wiskunde- en Wetenskapgegradueerdes in Suid-Afrika, terwyl 89% kommer uitgespreek het oor die stygende koste van tersiêre onderrig in die land.

Vertroue dat werkloosheid oor die volgende vyf jaar sal verbeter, het ook met een persentasiepunt tot 41% geval – die laagste vlak wat al ooit in die indeks aangeteken is.

Joubert let daarop dat vertroue in die toekoms van die gesondheidsorgstelsel oor die volgende vyf jaar ook met 1 persentasiepunt tot 44% teenoor die voorafgaande drie maande gedaal het. “Die voortgesette aftakeling van vertroue word weerspieël deur die feit dat slegs 15% van respondente glo dat die Nasionale Gesondheidsversekeringskema (die sogenaamde NHI) die oplossing vir die land se kwynende gesondheidstelsel bied.”

“Baie gegradueerde beroepslui ondersteun in beginsel die feit dat die gesondheidsorgstelsel vir alle Suid-Afrikaners verbeter moet word ten einde beter gesondheidsorg vir alle burgers te verseker – maar hulle is bekommerd oor die manier waarop dit geimplementeer word. Verdere beraadslaging oor die kwessie is noodsaaklik ten einde te verseker dat alle belanghebbers vierkantig agter die proses staan,” sê Joubert.

Hy sê dat die algehele vertrouensvlak in die indeks – 57% – onveranderd is teenoor ‘n jaar gelede, maar op ‘n kwartaallikse basis is hierdie syfer twee persentasiepunte laer.

**Ander resultate van die opname**

- 60% van respondente sê dat hulle hul kinders sou aanmoedig om tot hulle beroep toe te tree – een persentasiepunt laer as die eerste kwartaal
- Vertroue in hul vermoë om ‘n inkomste te verdien wat met inflasie tred hou, het op 70% gebly vergeleke met die eerste kwartaal

- Vertroue in die toekoms van hul beroep oor die volgende vyf jaar, het met een persentasiepunt tot 79% gedaal, vergeleke met die eerste kwartaal
- Vertroue dat misdaadkoerse oor die volgende vyf jaar sal verbeter, het op 43% gebly vergeleke met die eerste kwartaal
- Vertroue dat hulle genoeg gespaar het om eendag gemaklik te kan aftree, het met een persentasiepunt teenoor die eerste kwartaal gestyg.

**-Einde-**

**Addisionele inligting:**

PPS het meer as 200 000 lede met toegang tot 'n omvattende reeks finansiële en gesondheidsorgprodukte wat spesifiek aangepas is om in die behoeftes van gegradueerde professionele beroepslui te voorsien.

PPS is die grootste Suid-Afrikaanse wedersydse maatskappy van sy soort wat nog 'n onderlinge struktuur handhaaf, wat beteken dat dit suiwer tot voordeel van sy lede bestaan. Lede wat PPS Provider ™ polishouers is, kan dus eksklusief in die wins van PPS Versekering deel, en lede met PPS Beleggingsprodukte kan ook in die wins van PPS Beleggings deel.

PPS-lidmaatskap verleen toegang tot die volgende beproefde en betroubare produkte en dienste: PPS Versekering, PPS Korttermynversekering, PPS Begunstigdetrust, PPS Beleggings en Profmed Mediese Skema. Besoek www.pps.co.za vir meer inligting.

PPS is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste.